3

Verweer

Emile Cronje

11 Junie 2032 — Siekeboeg

Wanneer Karin bykom, staan die hele span rondom haar. Sy knip haar oë ’n paar keer, en die wêreld kom stadig in fokus. Tlhologelo staan by haar regterskouer, ’n diep frons op haar gesig gekerf.

“Karin, can you hear me?” vra sy. Karin se oë val toe, en sy val terug in die donker binne haar.

“K-bear!” Met moeite sleep sy haar oë weer oop. Knik stadig.

“Yebo, Dr T.” Haar stem kraak, herinner haar aan die geluid van die ys wat meegee onder haar.

“What were you thinking?” begin Mel, maar Tlhologelo maak hom stil.

“Let her rest first, Mel.” Sy druk saggies Karin se hand en verstel die kussing agter haar kop.

“We’re really glad we saw you in time,” sê sy. Karin gee ’n effense glimlag. Sy is nie seker dat sy bly is om wakker te word nie.

Onder die water. Sneeupak word swaarder en swaarder. Sink. Die diepte maak alles stil, selfs die stemme wat gewoonlik nooit ophou skree nie. Hoor hart klop; stadiger en stadiger soos wat die donker nader kom.

Die eerste keer wat sy ’n timelapse van die ysbank rondom Antarktika gesien het, was sy ’n jong student. Haar dosent—Dr Simelane, die eerste vrou aan wie sy skelm liefdesbriewe geskryf het—was besig om te verduidelik:

"If rainforests are the lungs of the earth, the formation and melting of sea ice is the heartbeat. This process drives the global thermo-haline circulation, maintaining our oceans' currents. Added to that, the change in saline concentration that results from the dynamics of the ice's formation also stimulates the food chain. Because ice crystals push out impurities as they form, the water directly underneath a forming ice shelf is flooded with salty rivulets, which you can see in this video here …"

Met 'n laser-pointer op die skerm gemik, het daar diep kuiltjies in Dr. Simelane se wange gekeep wanneer sy vir die klas glimlag.

"These brine channels within the ice provide a home for algae, the growth of which of course creates another entry into the food chain. When summer comes and the ice melts, not only does the salinity drop; the algae is also released back into the ocean, taking away their refuge and making them easier to consume. A kind of spring bloom, if you will, giving new life to the cold ocean."

Sak dieper, hartklop en ys pols saam. Binnewêreld omarm die wêreld buite—elke storm, elke misdaad, elke bom. Elke verraad, elke liefde, elke blom. 'n Prisma plooi oop, en 'n stem roep: "Weerenweerverweer. Weer verweef, verteer, verskeur, verweer. Kom terug. Kom weer."

12 Junie 2032 — Kajuit

Wanneer haar oë weer oopgaan, is dit net Mel in die siekeboeg saam met haar. Hy lê in 'n stoel en slaap. Sy kop is ongemaklik teen sy skouer gekantel. Sy skuifel haar bene tot op die rand van die bed en laat sak haar voete stadig. Haar kop begin onmiddellik draai, en sy trek haar asem skerp in. Mel word wakker en storm na haar sy.

"You're such a hazard to yourself, you know that?" Sy glimlag swak en steek haar hand uit. Sy uitdrukking versag en hy kom sit langs haar.

"I thought I … I though we had lost you." Sy weet nie hoe om vir hom te sê dat sy meer verlore voel as ooit nie. Sy druk sy hand saggies. Hy raak teer aan haar wang, sy sien hy is bang.

"Karin, did you …?"

"Mel, I heard something speak to me. While I was unconscious."

"Like a dream, you mean?" Sy frons. Was dit net 'n droom?

"I don't think so," antwoord sy. "There was something … clear about it."

"A lucid dream, then."

"No! It pulled me back, Mel! It pulled me back, and I didn't …" Haar stem raak weg. *Ek wou nie terugkom nie*, erken sy aan haarself.

Heelwat later, wanneer sy uiteindelik alleen is, skribbel sy die stem se woorde in haar dagboek:

Weer en weer verweer.
Weer verweef, verteer
en verskeur,
meer verweer.

Kom terug.

Kom weer.
Jy groei, ek gee.

***

Sy het weke lank gewag op 'n geleentheid om te spring. Te val. Te verdrink. Maar daar was altyd iemand op die dek. Die skip gaan net aan wal wanneer die hele span dit moet verlaat. Almal hou mekaar altyd in die oog. Sy het langer en langer ure net buite gesit en die verskil tussen die uitgestrekte wit en die geskarrel rondom haar ingeneem. Thlologelo sou nou en dan opdaag met 'n stomende koppie—tee, of gemmer, of polisiekoffie. Kort, bekommerde gesprekke.

"When was the last time you spotted a whale, K-bear?"

"Perhaps two years ago, T."

"I wonder where they're playing this season."

"I'm not sure they have the energy." Sy wil nie hardop sê dat hulle waarskynlik besig is om van die honger te vrek nie.

"T … What's your biggest fear?" vra sy een dag. Die soekende blik van haar spanleier is op haar gefokus, haar kollega, haar rots. 'n Lang teug aan 'n beker. Êrens roep 'n albatros.

"I don't know … Probably hurting someone I care about without intending to." Skaamheid. Wegkyk.

"And yours?"

"Living forever."

***

26 Junie 2032 — Laboratorium

Sy mag nie meer veldwerk doen nie. In die laboratorium herhaal sy analises—onnodig, nie volgens protokol nie—op soek na iets waaraan sy nie 'n naam kan gee nie. Veertig CT's van dieselfde monster. Sy maak die eerste een oop. Kleure spoel oor mekaar—water, silt, gapings, alge. Sy bestudeer die volgende een, beweeg heen en weer tussen die twee. Dieselfde kleure, dieselfde gate. Derde, vierde. Een van die spatsels blom. Dit is te verwagte. Vyf, ses, sewe—groter en groter soos wat die ys smelt. Agt, nege … Die spatsel krimp. Karin hou op. Begin weer voor. Daar is dit weer: 'n kol alge groei en krimp, groei en krimp. Sy blaai deur veertig monsters —*Jy groei, ek gee …* Sy hou op, begin weer aan die begin. Mel stap in.

"What are you doing?" Sy draai verward om.

"Nothing. Looking at images."

"Show me?"

Sy wil nie.

"Just … playing around."

"Show me!" Hy glimlag, stel belang. Hoekom, wonder sy. Sy maak die skerm wakker en wys hom die eerste raam.

"Nothing out of the ordinary," merk hy op. Sy oë soek hare, 'n frons tussen sy wenkbroue.

"What are you playing at?"

Sy kyk moedswillig voor haar uit, antwoord nie. Verklap niks. Mel sug.

"Karin, there's never going to be a day that I'm not intrigued by what is going on in that stubborn head of yours. Tell me! What are you looking for?"

"Nothing, Mel! I'm not looking *for* anything! I'm looking *at*

something." Sy swaai terug na die skerm, wys na die deursnit van die spatsel alge.

"Watch this guy," sê sy en gaan terug na die eerste raam. Sy klik deur die eerste ses, dan stadiger. Agt, nege, tien.

"Why did you go back?" vra Mel, sy oë op die skerm gefokus.

"I didn't, Mel. Watch." Sy gaan voort, raam elf, twaalf, dertien. Die blom-alge krimp al hoe kleiner en kom tot stilstand by vyftien. Dan begin dit weer swel, sestien, sewentien, agtien. By negentien blom dit oop. Dan, op twintig, krimp dit weer terug.

"Am I imagining this? Is it possible?" Sy kyk om, vas in Mel se peinsende oë.

"It's beating, Mel."

"That's impossible, Karin!"

Sy voel die hulpeloosheid opbou—dinge wat sy sien en nie kan beskryf nie, dinge wat sy weet en nie kan verdryf nie. Skielik, die stem van binne:

Verval. Verweer.
Begin. Oorgee.
Begin weer. Al is dit seer.
Alleen wees is 'n leuen.

***

30 Junie — "Galley"

Karin en Thlologelo is op skottelgoeddiens. Hulle saamwees is geolie. Hulle hoef skaars te praat. Tussen aangee en was, afspoel en wegpak, is daar oomblikke vol vrae wat net die lyf kan vra. 'n Huiwering wanneer hulle hande raak. Asem wat ingetrek word wanneer hulle oogkontak maak. Uiteindelik, versigtig: klein dapper woorde.

"T, I've been hearing voices. One voice, actually. More specifically. I …"

Die stil oomblik van iemand wat liefhet, wat verwarde gedagtes kans gee om te bedaar. Uiteindelik 'n vraag:

“Yes, K-bear? You … what?” Trane. Verligting, vrees, verlange.

“I didn’t want to wake up, T! I didn’t fall by accident, I … jumped.” Sy pers die woord uit haar keel net voor die snikke oorneem. Thlologelo se seephande hou haar vas, haar skouer bied ’n toevlug. Etlike minute staan hulle so ineen gevleg voordat die vraag die oomblik kan ontmoet.

“Did the voice tell you to jump?” vra Thlologelo saggies. Karin lig haar kop, vee haar neus af met haar mou. Lag.

“No, T. It called me back.”

“It wasn’t attacking you?”

“No, it’s been a guide, really. It … gives words to things I don’t know how to explain. It only started speaking to me when I was under the water, when I thought it was … done. And since then, it keeps coming back, keeps adding more words.”

“Really? What does it say?” Karin se gesig rus in Thlologelo se hande.

“It … speaks about growing and giving. How being alone is a lie.” Thlologelo byt saggies aan die binnekant van haar wang, voel haar pad na die grense van alleenwees se bang. Glimlag, want die waarheid maak nie net vry nie. Dit maak heel.

“Join me outside, won’t you?”

30 Junie — Dek

Dis ’n stil aand. Die sterre strek wyer as die horison en Karin voel hoe haar bors swel van die koue. Die skip is op die oop water en die sterlig verdubbel verby die handreling. Sy draai haar gesig na die donker en kyk hoe haar asem dans in die maanlig. Haar trane vries op haar gesig. Die geruis van die wind weef deur die geraas in haar kop. Die ritmiese klap van die enjin spoeg rook die nag in. Sy ruik dit, al kan sy dit nie sien nie. Sy onthou haar val deur die sterre. Haar wakker word, sonder keuse. Die enjin word stil, en skielik is daar ruimte om haar. Tyd om te kyk hoe ’n blaar oopvou, hoe ’n blom en ’n by mekaar onthou. Die aarde dans tog om die son op ’n ritme wat vir biljoene jare al vasstaan en hou. Sy kyk na Thlologelo langs haar, voel haar hand binne haar eie. Sy lag. Amper waansinnig, só vol van

blydskap. Niemand hoef dit te glo behalwe sy nie. Sý weet dat sy weet, al maak dit hoe seer: sy *lewe.*

Weer (en weer) verweer.
Weer verweef, verteer
en verskeur,
meer verweer.

Kom terug.
Kom weer.
Jy groei.
Ek gee.

Verval. Verweer.
Begin. Oorgee.

Begin weer, al is dit seer.
Alleen wees is 'n leuen.
Weer verweer, saam verweef.

Stadiger leef.

Begin oor. Leef weer.